



Wapadrand Boeredansgroep skop (dans) die jaar op 'n hoë noot af

Die jaar het omtrent met 'n spoed afgeskop. Twee kampe vir die kinders in Januarie en Februarie met 'n gemiddeld van 80 kinders per kamp. Wat die jaar ook anders maak as vorige jare is dat daar meer seuns as dogters in die groep is.

Dit is gewoonlik wat toeskouers eerste opval – "hoe kry jy die seuns om te dans?" My antwoord: "Ek doen niks, die seuns in die groep is die hoof bemerkers." Ek het in 2012 'n sterk groep seuns uit die Randburg omgewing op die kamp gehad en met hulle entoesiasme was dit nie moeilik om die jonger mannetjies te oortuig om ook te kom kamp nie. Een van hulle strategieë is blykbaar om vir die manne te sê daar is mooi meisies. Nou ja, dit werk, maar daar moet ook die lus vir dans wees wat hulle hier hou.

Kinders het 'n behoefte om te behoort en 'n behoefte om te behoort aan iets wat 'n verskil maak en dis wat Wapadrand Boeredansgroep uniek maak. Ek sien dit elke jaar – kinders groei (fisies ja, maar emosioneel ook) veral as ek kyk hoe die selfvertroue groei wanneer ons voor toeriste optree en hulle saam met die kinders dans.





Volwassenes leer dans saam met Die Korrelkoppe

15–17 Maart 2013 : Opgewonde en entoesiastiese volwassenes maak gereed vir 'n naweek van boeredanse. Baie van hulle kinders is in die dansgroep en deur die jaar het die lus om ook te kan saam dans hulle beetgepak.

Hannes Schoeman en sy manne was natuurlik weer op hulle pos Saterdag aand met die dinee en het aan die aand net soveel meer kleur en styl verleen. Deur die loop van die aand het die groep ook Volkspele gespeel en dit nogal op Boereorkes begeleiding.

My ervaring van die groep was net positief. Hulle ontvanklikheid om te leer en positiewe gesindheid regdeur die naweek, ten spyte van seer voete en ander beserings wat hulle soms bietjie gekniehalter het, was dit 'n voorreg om vir hulle kursus aan te bied.

Hierdie jaar se groep het ook die unieke geleentheid om saam met die kinders te gaan optree in Bloemfontein tydens die Vrouemonument se 100 jaar vieringe. 'n Optrede soos 'n dans van ouds—pa, ma en kinders dans saam.

Maak solank gereed vir volgende jaar se kursus in Maart. Jy hoef nie 'n maat te hê nie, ons kry sommer op die kamp vir jou een. Wat vir my en die kinders wat my help die belangrikste is, is dat jy nie die geleentheid laat verbygaan om te dans, te lag en nuwe vriende te maak nie. Kom kuier saam.

As jy meer besonderhede soek, kontak gerus vir Danette by boeredansgroep@gmail.com.

Hoop om jou daar te sien in 2014.

Dans in gebukkende tye

Swart Sak Niekerk van Koringhoop in Namakwaland was reg toe hy in *Die Manakwalanners* op televisie na droogte as “gebukkende tye” verwys het. Dis wat veeboere in die Karoo en Boesmanland gereeld beleef.

Nog 'n Van Niekerk, Neels van Ratelfontein, Calvinia, bel die ander dag en vertel met die kenmerkende lag-met-'n-traan-humor van die Noordwesters dis nou so droog daar by hulle, as jy die blasé op 'n kind met waterpokkies stukkend druk, kom daar stof uit.

In my verbeelding het ek 'n maer mofooi gesien wat aan 'n verdorde gannastingel kou. Dis nie 'n mooi gesig nie.

In sulke omstandighede is vakansie uit. Jy bly maar by die huis, loop daagliks die veldwaters om en sit lek, mielies en lusern uit terwyl jy die wolke dophou. Jy bid ook.

Om 'n plaas in die feestyd aan die genade oor te laat, bly mos maar 'n groot risiko. Groot ellende kan op jou wag as jy na die vakansie tuiskom. Wanneer my nog aktief boerende familie by die see vakansie hou, staan hulle voortdurende selfoon-in-die-hand en vra vrae soos:

“Het dit al gereën?” “Wat! Het die pype in die boorgat geval? Was die hek dan nie toe nie?” Die laaste paar dae van die vakansie groei die kommer op hulle gesigte.

Maar dans behoort daar op Oujaarsaand gedans te word. Al is die tye hoe gebukkend, jy dans die Nuwejaar in.

Wanneer die krismiswurm se klank bokant die balke van 'n skeerstoer uitstyg, die mieliemeel wit lê op die dansvloer, mense die lusernbale vol sit, die braaivleisvuur se vlamme in die aandlug knetter en die wingerdvoggies begin vloei, is daar lewe in die huisie waar die liggie brand.

Die plesierigheid help om jou problem vir 'n oomblik te vergeet. Jy kan selfs moed skep met die versterkinkie in jou glas. Wanneer my pa na 'n lang dag in die son—moeg van skaap voer tydens 'n droogte en vaal van die stof—in sy stoel neergesak het, shou hy sê: “Gooi vir ons ietsie dat ons kan moed skep”.

Dan kom die bottle Limousine uit die spens verby. Dit was in die dae toe boere brandewyn by kraanwater gedrink het. Hulle het nie van Coke geweet nie.

Ek het 'n vermoed Oujaarsaandanse op plase bestaan eintlik nie meer nie. Gemeenskappe het gekrimp, die ou mense is weg. Baie jongeres het stedelinge geword. Die wat oorgebly het, ry dorp toe as hulle wil gaan dans. Die wat gelukkig genoeg is om waaksame bestuurders te hê, gaan hou vakansie by die see. Droogte of te not.

Die grootste rede is waarskynlik dat daar nie juis meer musikante op plase oor is nie. Nou praat ek nie van orkeste nie. Die bestaan nog hier en daar. Ek praat van gewone, boere wat hulself met verstommende talent leer musiek maar het of hoogstens Jannie Raath se korrespondensiekursus gevolg het, Jannie was 'n klavierspeler wat beweer het dat hy selfs 'n bobbejaan kon leer klavier speel. Sy advertensie in *Die Huisgenoot* het 'n foto bevat van 'n mak bobbejaan wat “Boegeberg se dam” op 'n Steinway speel.

Elke omgewing het sy musikante gehad wat nie note kon lees of ooit formele onderrig ontvang het nie, maar 'n klavier, kitaar, bekluitjie, viool, pensklavier, banjo en later elektroniese klawerborde en orrels—op baie plase het 'n Lowrey in die voorhuis gestaan—so goed kon bespeel dat dit menige professionele musikant jaloers sou maak. Van sommige kon gesê word soos van die beroemde Amerikaanse pianis Carmen Cavallaro, “he plays the white notes, the black notes and the ones in between”.

Niemand kon stilsit wanneer hulle losgetrek het nie. Nie eens die *wallflowers* nie. Hulle het mekaar gegryp en vrou saam met vrou het die dansbaan gevat, so lekker en aansteeklik was di emusiek. Wanneer wit salpetersweet tussen hulle blaaië uitgeslaan het, moes die voordansers onder di emanne kort-kort buite toe om asem te skep.

Dit was ook die geleentheid om by 'n oop katebak 'n ekstra versterkinkie te kry vir moedskep. 'n Plaat Fords en Chevrolets het gewoonlik die werf by die skuur langs die stalle volgestaan. Die manne is stalle toe as hulle 'n draai wou loop. Kinders het wegkruipertjie om die karre gespeel en in die gate geskuil wat perde in die kafok se mied gevreet het en waarin weglêhenne graag hulle eiers gelê het.

Die mana het die vlaktes verlig. Die musiek het in die stil, sterbelaaide nag weerklink. Af en toe het 'n strooishond in die verte geblaf.

Daar was nie trombone, saksofone of Franse horings nie en die voet van die kitaarspeler—water terselfdertyd 'n bekluitjie bespeel het—was in 'n velskoel, terwyl die bekluitjie met 'n tuisgemaakte kontrepsie aan sy kitaar se blad vasgemaak was.

Wanneer 'n stowwerigheid in die lug gehang het, is die dansbaan liggies natgesprinkel. Wat ek wel nooit gesien het nie, is hoe dansers by die uitroep “Balke toe!” aan die dansplek se balke gehang het sodat die vloer natgemaak kon word. Boere het in my tyd al staalskure gehad en dit sou maar gelol het om daardie hoë balke by te kom.

Toe my pa ons kontrei se voorste kitaarspeler een jaar bel om te vra wat hy vir hom van die dorp af moet saambring vir die komende Oujaarsdans op Matjiesvlei, het hy gesê: “Net 'n stel nuwe kitaarsnare, ‘seblief ou broer.” Met so min was hulle tevrede, sommige musikante in die mees afgeleë streke met selfs nog minder. En waar is die outydse grammofoon waarop 78-spoed plate van ou Boeremusikante soos Chris Bignaut, die Briels, die Vier Transvalers en ander gespeel is: “Maandag op die Vaalrivier”, “Boereseun”, “Boereplaa”, Grootrivier se voël”. Nog 'n skat wat feitlik verlore is. Daar is heelnaag lank op gedans.

Dit lê so ver terug in die verlede en is so total verwyder van die tydvak waarin ons leef dat ek nie eers prober om dit te onthou nie. Maar die herinnering aan mense wat om 'n tafel op 'n eensame plaas daarna sit en luister, bly helder.

So was dit en is dit nie meer nie.

Een van die kostelike vertellings uit:

So was dit, Stories van gister en vandag deur Johan van Wyk.